Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## MODEL 2014

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLE-STUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.

6. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

### VRAAG 1: HOE HET DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA EN DIE SOWJETUNIE OP DIE EKONOMIESE KRISIS IN EUROPA NA 1945 GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Noem die TWEE lewenswyses, volgens Truman, waaruit 'n nasie moes kies. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik die volgende historiese konsepte in die konteks van die Koue Oorlog:

(a) Vryheid van spraak (1 x 2) (2)

(b) Politieke onderdrukking (1 x 2) (2)

1.1.3 Wat het Truman gehoop om te bereik deur ekonomiese en finansiële hulp aan 'vrye volke' te gee? (2 x 1) (2)

1.1.4 Hoe, volgens Truman, sou die val van Griekeland Turkye beïnvloed? (1 x 2) (2)

1.1.5 Lewer kommentaar daarop of 'n geskiedkundige wat navorsing oor die Koue Oorlog doen, die inligting in hierdie bron as betroubare historiese bewyse sou kon beskou. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

1.2.1 Watter soort hulp het Europese lande van Amerika benodig, volgens Marshall? (2 x 1) (2)

1.2.2 Waarom, dink jy, was dit vir Amerika belangrik om Europese lande te help? (1 x 2) (2)

1.2.3 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat kommunistiese lande ook uit die Marshall-plan kon voordeel trek. (1 x 2) (2)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Waarom was Vyshinsky van mening dat Amerika die beginsels van die Verenigde Nasies geskend het? (1 x 2) (2)

1.3.2 Verduidelik waarom Vyshinsky die Marshall-plan gekritiseer het. Gee geldige redes vir jou antwoord. (2 x 2) (4)

1.3.3 Lewer kommentaar op waarom 'n Amerikaanse politikus met die inligting in hierdie bron sou verskil. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1D.

1.4.1 Verduidelik die boodskappe wat die spotprent oor die Marshall-plan oordra. (2 x 2) (4)

1.4.2 Lewer kommentaar daarop of die spotprenttekenaar 'n eensydige beskouing oor die Marshall-plan gee. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1B en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1D die inligting in Bron 1B oor die doelwitte van die Marshall-plan weerspreek. Ondersteun jou antwoord deur bewyse uit albei bronne te gebruik. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Verenigde State van Amerika en die Sowjetunie op die ekonomiese krisis in Europa na 1945 gereageer het. (8)

**[50]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 2: WAT WAS DIE VERSKILLENDE MENINGS RAKENDE WIE DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE TUSSEN 1987 EN 1988 GEWEN HET?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens Gleijeses, het die SAW in 1987 Angola binnegegaan? (1 x 2) (2)

2.1.2 Wat het Castro aangespoor om troepe en wapentuig Angola toe te stuur? (1 x 2) (2)

2.1.3 Waarom het die SAW besluit om sy troepe uit Angola te onttrek? (1 x 2) (2)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Wie, volgens die ANC, het die Slag van Cuito Cuanavale gewen? (1 x 2) (2)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die ANC geglo het dat die Slag van Cuito Cuanavale 'n deurslaggewende rol in die 'bevryding van ons kontinent' gespeel het. (2 x 2) (4)

2.2.3 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale navorsing doen. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bron 2C.

2.3.1 Volgens die inligting in hierdie bron, noem hoeveel soldate in die volgende weermagte tydens die Angolese oorlog gesneuwel het (dood is):

(a) Kubaanse/FAPLA-magte (1 x 1) (1)

(b) SAW (1 x 1) (1)

2.3.2 Volgens die statistiek wat in hierdie bron gegee word, wie dink jy het die Slag om Cuito Cuanavale gewen? Gebruik relevante bewyse uit die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.3.3 Verduidelik of die statistiek wat in hierdie bron gebruik word, 'n akkurate weergawe is van die verliese tydens die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bron 2B en 2C. Verduidelik tot watter mate die bewyse in hierdie bronne verskil oor wie die Slag van Cuito Cuanavale gewen het. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.5 Verwys na Bron 2D.

2.5.1 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die volgende historiese begrippe in die konteks van die Koue Oorlog in Angola:

(a) Internasionale kommunisme (1 x 2) (2)

(b) Burgermag (1 x 2) (2)

2.5.2 Watter bewyse gee Constand Viljoen om sy aanspraak dat die SAW sy strategiese doelwitte in Angola bereik het, te regverdig? Verduidelik jou antwoord deur bewyse uit die bron te gebruik. (2 x 2) (4)

2.5.3 Lewer kommentaar daarop of die inligting in hierdie bron as 'n betroubare historiese weergawe in die konteks van die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale beskou kan word. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die verskillende sienings oor wie die Slag van Cuito Cuanavale gewen het, evalueer. (8)
**[50]**

ÉcoleBooks


DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3: HOE HET DIE PROTESVELDTOGTE IN BIRMINGHAM TOT DIE VERGUNNING VAN BURGERREGTE VIR AFRO-AMERIKANERS IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Verduidelik die konsep *segregasie* in jou eie woorde in die konteks van die Verenigde State in die 1960's. (1 x 2) (2)

3.1.2 Noem TWEE historiese bewyse wat daarop dui dat Birmingham in die 1960's 'n gesegregeerde stad was. (2 x 1) (2)

3.1.3 Waarom, volgens eerwaarde Ellwanger, was die meeste wit Amerikaners wat in 1963 in Birmingham gewoon het, gekant teen desegregasie? (1 x 2) (2)

3.1.4 Watter bewys in die bron dui daarop dat Afro-Amerikaners in Birmingham tussen 1953 en 1963 aangeval is? (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Identifiseer TWEE redes waarom die aanvanklike veldtog teen segregasie in Birmingham onsuksesvol was. (2 x 1) (2)

3.2.2 Wat het Connor gemotiveer om sy taktiek gedurende die Birmingham-veldtog te verander? (1 x 2) (2)

3.2.3 Verduidelik hoe die 'toeskouers' in die bron op die polisie-optrede gereageer het (2 x 2) (4)

3.2.4 Op watter maniere het die mediadekking van die Birmingham-veldtog tot die sukses van die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's bygedra? (2 x 2) (4)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Gee TWEE bewyse uit die bron wat daarop dui dat die burgerregte-aktiviste geweldloos in hul benadering was. (2 x 1) (2)

3.3.2 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat oor die rol van die media gedurende die burgerregteveldtog skryf. (2 x 2) (4)

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.4 Verwys na Bron 3B en 3C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3B die visuele bewyse in Bron 3C oor die burgerregteprotes in Birmingham in 1963 ondersteun. (2 x 2) (4)

3.5 Lees Bron 3D.

3.5.1 Verduidelik die begrip *gelyke regte* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.5.2 Wat, volgens Kennedy, was die grootste uitdaging waarvoor Amerikaners in 1963 te staan gekom het? (1 x 2) (2)

3.5.3 Lewer kommentaar op waarom Kennedy geglo het 'Die tyd het nou vir hierdie nasie [Amerika] aangebreek om sy belofte na te kom' met betrekking tot die stryd om burgerregte vir Afro-Amerikaners. (2 x 2) (4)

3.5.4 Verduidelik tot watter mate die strategieë wat President Kennedy voorgestel het, doeltreffend was om segregasie in die 1960's in die Verenigde State te beëindig. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die protesveldtogte in Birmingham tot die vergunning van burgerregte vir Afro-Amerikaners in die Verenigde State van Amerika in die 1960's bygedra het. (8)
**[50]**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling.

Jou opstel behoort ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE VIËTNAM

Bespreek krities waarom die taktiek en strategieë wat die Verenigde State van Amerika teen Noord-Viëtnam tydens die Koue Oorlog-konflik tussen 1965 en 1973 gebruik het, misluk het. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLE-STUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Verduidelik tot watter mate die beleide van Zaïrenasie ('Zairianisation') en die hervestiging van mense in nuwe dorpe (ujamaa) nie daarin geslaag het om die ekonomieë van beide die Kongo en Tanzanië na onafhanklikheidswording te verbeter nie. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING

Die Black Panther-party is in 1966 in die VSA gestig vir relevante en geregverdigde redes.

Stem jy met die stelling saam? Ondersteun jou argument deur toepaslike bewyse te gebruik. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou